Jou linkerhand en regterhand

Sondagoggend, 20 Maart 2016, se boodskap by Beulah Ministries Touching Jesus in Uitenhage deur Neil Marnewick

Kom ons kyk na twee belangrike beginsels in die bybel, wat goed saamwerk. Maar, vandag gaan ek meer fokus op die een.

Sê ons, wat sien jy as die woord getrouheid? (Laat paar mense in gemeente antwoord.)

Kom ons kyk na wat God se oor ons getrouheid. Lees 1 Sam 26:23, Psalm 37:3, Jes 42:3, Rom 3:3, Gal 5:22. (Som daarna in een sin op wat elke vers oor gaan.)

Hierdie week wat verby is, was baie stresvol vir my by die werk. Ek het 'n paar keer ook kwaad geword, reg en verkeerd en ek het 'n paar keer goed gesê wat negatief was. Ek het magteloos gevoel en het selfs vir die Here gevra dat ek 'n ander werk kan kry. Selfs my baas wou by my hoor wat verkeerd was. Ek het gevoel asof ek gefaal het as 'n christen, dat ek heeltemal onbevoeg is as sy ambassadeur by my werk en gedink dat as mense gesien het dat ek verkeerd opgetree het, dat hulle sou dink dat ek vals is.

My afleiding was dat ek vals is, dat ek onbevoeg is en dat ek geen reg het om met mense oor die Here kon praat nie, of vandag kon preek nie. Gisteraand is ek na my pa toe om hom te help deur my drukker vir hom te leen op pad soontoe sê ek vir die Here hoe kan ek vir sy skape 'n boodskap bring, ek het self dit nodig.

Met sy een rekenaar was dit 'n gesukkel, want die ding wou nou net nie aan die wifi koppel nie. Toe is daar ander probleme en op die ou ent is ek eers voor 9 daar weg. Ek het geen boodskap nog nie, maar ek het darem geleer dat die Here nooit teleur stel nie, so ek was nie veel bekommerd nie.

In die 5 minute huis toe het die Here met my gepraat en gesê ek het reg gedoen deur my pa te gaan help het, want ek was getrou om my pa te eer. Hy as God was meer tevrede daarmee dat ek prakties en getrou was as wat ek met die Bybel vir ure lank by Hom sou sit. My pa het hulp nodig gehad en ek moes hom help, want sy werk hang daarvan af. Dit was belangrik om prakties en nie "super spiritual" te wees nie.

Toe sê God ek moet julle vertel van getrouheid en hoe belangrik dit is. Daar is 'n belofte daaraan. Ek moet julle ook 'n paar voorbeelde uit my lewe gee. Kom ons lees nou oor die twee beginsels en kyk na elkeen se beloftes.

Lees Eks 20:12. Eer jou vader en jou moeder, jou leierskap by die werk en die kerk. Die belofte is dat dit jou in jou beloofde land sal invat, daar hou om voorspoedig te wees en om daar te bly. Dit is soos jou **linkerhand**. (Laat mense hulle linkerhande in die lug opsteek sê wat die belofte is.)

Lees Mat 25:21. Deur getrou te wees sal promosie in jou lewe bring. Dit is soos jou **regterhand**. Laat mense hulle regterhande in die lug opsteek sê wat die belofte is.)

Hierdie twee beginsels is ‘n spieëlbeeld van mekaar. Hulle rig dieselfde funksie uit as bv. jou een hand vs. die ander, maar hulle lyk bietjie anders. (Laat dit insink.) Jy het soms twee hande nodig om iets te kan doen, bv. om kar te bestuur. Dit is makliker om ‘n rugbybal met twee hande te vang en om iemand te takkle. Net so het jy al twee beginsels nodig om jou daaglikse besluite te takkle en jou geleenthede te kan vang.

Eer jou vader en jou moeder beteken ook om jou leiers te eer. Dit is om ‘n nederige en positiewe gesindheid in jou hart te behou. Doen dit met vrees teenoor die Here, nie teenoor die mens nie. Wat jy het, het jy ontvang uit genade.

(Gooi en vang bal met party in kerk as demonstrasie. Laat elkeen sê wat die twee hande voorstel en kan sien dit is makliker om ‘n bal te vang met twee hande.)

Elke dag moet jy vang soos ‘n bal en die geleenthede met al twee hande vasgryp.

Wees getrou teenoor jou ouers en jou leiers, want hulle maak staat op jou. Hulle kan net suksesvol wees as jy getrou is. Jy maak hulle gelukkig deur hulle te eer. Jy wil tog hê dat God jou promosie gee, nè? Wel, eer jou Pappa dan en wees getrou ook aan sy opdragte.

Voorbeelde uit my lewe:

Elke maand gee Neil sy ma geld, want haar pensioen is te min. Dis hoe God dit sien. Elke maand gee ek my ma geld, want die Here verwag dit van my. Dis hoe ek dit sien. Ek moet getrou bly hierin.

‘n Paar jaar terug was ek werkloos en het net ‘n motorfiets gehad. Ek het ‘n ongeluk gehad toe iemand voor my ingery het en het hard geval, o.a. my linkerbeen gebreek. Ek het so met ‘n plastiekstut kerk toe gegaan in die reën. Party keer het die reën ingelek by my been deur my reënpak en ek het nat geword. Dit was ongemaklik, maar ek het nie uit die kerk en die koor gebly weens ‘n paar druppels water nie.

Ek het baie keer met nat skoene by die werk aangekom later toe ek begin werk, maar ek moes maar dit verduur en my skoene in die kantoor laat droog word. As kontrakteur het ek twee werke gedoen op ‘n stadium, ook het ek baie tyd buite in die hittige son deur gebring, terwyl van my kollegas in die aircon kantoor gesit het, maar ek was getrou. (Eendag het my huidige bestuurder my gesê hy het my destyds gesien aanbied voor die senior bestuur en gewens dat ek in sy span was. Dit het natuurlik ‘n verskil gemaak met my aansoek en ek het dit nooit geweet nie.)

Toe my kinders van my gesteel is met ‘n leuen moes ek baie pyn verduur, maar nooit het ek die Here kwalik geneem nie. Ek het baie by hom gehuil, maar was getrou om hom te dien.

Ek was in ‘n selgroep waar van die ander ouens my sleg behandel het, gespot het, maar ek het getrou gegaan. Later het die Here my ‘n selleier gemaak en hulle het weggeval.

Ek het my selgroep my beste gegee, want ek ken Mat 25:21 en dit was my motivering. Maar, ek wou mense help. Ek was ook uitgeskel, maar het nooit hulle verwerp nie. Ek het geweet God gaan my dophou en ek wou promosie by Hom hê.

Toe ek na sewe jaar ‘n groot kerk verlaat het, het die senior pastoor my een kompliment gegee toe ek daar weg is, dat hy weet ek was baie getrou. Ek het baie min met hom gesels omdat die

pastoor en selleier wat ek gehad het my goed ondersteun het, so dit was nooit nodig om na die senior pastoor toe te gaan nie.

Onthou die volgende:

Daar is niks wat ons ooit hoef deur te maak, wat kan vergelyk met wat Jesus moes deurmaak nie. Hy was tot die dood toe getrou. Sy getrouheid het ons gered. Al was ek ontrou, Jesus was getrou en is nog vandag getrou aan my. Ek kan altyd op hom staat maak. Ons het nie verskonings om slap te wees nie.

Nogtans kan ek ook aanjaag en dom foute maak. Party keer is ek te swak, te emosioneel en word te gou kwaad. Maar, ek is God se kind en Hy is tevrede daarmee. Hy verwag van my om getrou te wees. Dis God se werk om my te verander, maar dis my opdrag om nederig en dankbaar te wees, sodat ek eer kan toon en dit reg kry om getrou te bly.

Moenie dat iemand jou geloof so aantas dat jy verswak nie. As jy soos ek baie foute het, doen dan ten minste wat jy kan reg kry. Kom kerk toe, hou stiltetyd op tyd, doen wat van jou verwag word, werk hard en help soos jy moet. As jy fokus om ander te help met hulle probleme, dan gaan joune kleiner lyk. Dit is getrouheid – doen wat reg is!

Getrouheid beteken ook om nie op te gee nie. Hoe kan die Here my promosie gee as ek nie getrou bly in die bietjie wat ek nou het nie? Moenie opgee nie, moenie ophou nie. Hou aan, verduur. Aanhouer wen.

Is daar iets waaroor jy vandag moet besluit? Gaan jy al twee hande gebruik en jou dag vasgryp? Is jy getrou aan jou man, jou vrou? Het jy geraamtes van ontrou in die kas? Kan jou kinders op jou staat maak of stel jy hulle teleur, jou vriende gerus wees dat jy sal help in hulle nood?

Ek gaan nie vir iemand bid vandag om getrou te wees nie, want dit is ‘n besluit wat jy neem. Gaan ons almal vandag besluit om eerbiedig (wys linkerhand) en getrou (wys regterhand) te wees.

Carpe diem! Al val daar duisend aan jou sy. Al staan jy alleen, staan dan alleen! So what?! Jy sal jou loon by God kry. Amen!

++++++++++++++++++++++++

Hierdie boodskap was verwerk vir die webblad. Jy is welkom om dit te gebruik om ander te bemoedig.

Groete, Neil